



BENODIGDHEDE: Ongeveer 80 g Tridalia Nr. 8; hekelpen van 1,25 mm; bypassende fyn linne of katoen vir middelstuk, ongeveer 30 x 30 cm groot; garing om hekelwerk aan middelstuk vas te stik.

MATE: Een skulp in die omranding se sye is 6 cm lank en sy ronding onder is 8 cm breed

AFKORTINGS: ks - kettingsteek; kb - kortbeen; lb - langbeen; dsl - dubbelslagsteek; gs - glipsteek; p - picot (= drie kettingsteke, glipsteek in eerste kettingsteek); herh - herhaal; vlg - volgende.

L.W. Drie kettingsteke vervang die eerste langbeen in 'n ry, en een kettingsteek vervang die eerste kortbeen.

EERSTE SKULP: Begin met 12ks, gs om ring te vorm.

1e ry: 3ks, 9lb, draai.

2e ry: 1 draai-ks, 1kb in elke vlg st, draai.

3e ry: 3ks, *1ks, 1lb in vlg st; herh van * tot einde — 9 sps.

4e ry: 1 draai-ks; 1kb in elke sp en elke lb — 19kb.

5e ry: 3ks; *2ks, slaan 1kb oor, 1lb in vlg kb; herh tot einde — nege 2ks-sps.

6e ry: 1 draai-ks, 2kb in elke sp en 1kb in

elke lb — 28kb.

7e ry: 3ks, *3ks, slaan 2 ste oor, 1lb in vlg st; herh tot einde — 9 sps.

8e ry: 1 draai-ks; 3kb in elke sp en 1kb in elke lb — 37kb.

9e ry: 3ks; (4ks, slaan 3kb oor, 4lb in vlg 4kb) 5 keer, 4ks, 1lb in laaste kb, draai.

10e ry: 1 draai-ks; 4kb in elke sp en 1kb in elke lb. Knip garing af en heg netjies af.

Die skulpe wat op hierdie een volg, moet om die beurt kop en punt aan mekaar vasgehekel word na gelang die werk vorder (raadpleeg foto). Hekel dus die tweede skulp volgens die aanwysings wat volg, maar glipsteek die begin en einde van elke ry aan die syrand van die voorafgaande skulp vas. Let daarop dat die rondings wat na buite wys, 'n blokkiesrand het, terwyl dié wat aan die middelstuk vasgestik gaan word, 'n gaatjiesrand het.

TWEDE SKULP: Soos eerste skulp tot einde van 8e ry.

9e ry: Hekel nege 4ks-sps in die ry.

10e ry: 4kb in elk sp, 1 kb in elke lb tot einde.

Hekel nog 14 skulpe volgens die aanwysings vir die twee voltooide skulpe sodat daar uiteindelik 16 skulpe is — 8 van elke soort — en hekel die 16e skulp tussen die 15e en 1e skulp vas.

Hekel nou die 8 blomme wat die omranding voltooi.

EERSTE BLOM: Begin met 12ks, gs om ring te vorm.

1e rondte: 18kb in ring.

2e rondte: *1kb, 3ks, 2 onvoltooide dsl saam deurgetrek (= 2dsl-tr), 3ks; herh van * 3 keer; 3ks, 2dsl-tr, gs blom nou aan 3e kb van een van die skulpe vas (raadpleeg foto), 3ks; herh van * nog 2 keer en knip garing af. Werk netjies af.

Vul sewe oorblywende gapings tussen die skulpe met sulke blommetjies in.

PICOTRAND: Heg garing aan buitenste rand van hekelwerk vas en hekel 'n picot teenoor die middelpunt van elke spasie en blokkie (dus 4 keer 8kb, 1p), en hekel dan slegs 4kb, (5ks, 1kb in vlg blomblaar) 3 keer, 5ks, 4kb in rand van vlg skulp en herhaal van begin af, rondom.

Knip garing af en werk netjies af.

Stoom hekelwerk liggies en laat droog word.

AFWERKING: Plaas die hekelwerk in posisie op die rand van die vierkantige middelstuk en ryg dit aan die materiaal vas (raadpleeg foto). Sigsag die hekelwerk met fyn stekies dig opmekaar, aan die materiaal vas al op die rand van die hekelwerk langs. Knip nou die oortollige materiaal aan die agterkant van die werk netjies so na as moontlik aan die stikwerk af. Werk dan die naat netjies aan die agterkant af, indien nodig.